## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asseblief 'n verwysing,**
**bv. Dankoffer**

Hoe om Mobipaid te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/ Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede
Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Marietjie | Coertzen | 08/02 |
| Johan | vd Walt | 08/02 |
| Myburgh | de Wet | 08/03 |
| Jandré | Jamneck | 08/03 |
| Rudi | Moolman | 08/03 |
| Susann | Shepherd | 08/03 |
| Chané | Naudé | 08/05 |
| Hannelie | Matthee | 08/06 |
| Ansie | Schnugh | 08/06 |
| Gray | Thomas | 08/07 |
| Alwyn | Tredoux | 08/07 |
| Una | van Rensburg | 08/07 |
| Christo | Grobbelaar | 08/08 |
| Henk | Nel | 08/08 |

### BLAPSE IN KERK-PAMFLETTE

Bertie Buitendag en Petro Prinsloo is op 3 Oktober getroud. En so eindig 'n mooi vriendskap wat in hul skooljare begin het!!!

NG KERK
SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

02 Augustus 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 02/08**
10h00 L'Agulhas
Kategese
Spesiale Kollekte
Straatwerk
**Maandag**
10h00 Projekte en Funksies
**Dinsdag**
10h30 Skulpiesbaaiblokbyeenkoms
14h00 Klerebank
**Woensdag**
09h30 Uitreikbediening
15h00 Barmhartigheid
**Donderdag**
11h00 Uitsigblokke 1& 2 byeenkoms
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 09/08**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Spesiale Kollekte
Gemeente Noodfonds

**Boompies by L'Agulhas:** Die jong boompies is nog broos en moet dus asb gekonsidereer word wanneer ons parkeer, Indien u 'n stuk skadunet het wat ongebruik is, skenk dit asb vir ons sodat ons die boompies kan toespan.

**Welkom terug!** Ons verwelkom ons geliefde koster, Elize Oosthuizen en haar man, Herman, wat op 29 Julie weer terug is na 'n welverdiende vakansie by hulle kinders in Australië. (Marietjie Bruwer).

**CAR BOOT SALE** Marietjie Hansen sê hulle het 'n heerlike "bootsale" Gehad. Dit het amper soos 'n regte mark begin lyk! Mense ondersteun hierdie kattebak-verkope van ons gemeente. Daar behoort einde Augustus weer een te wees. Hou maar die media dop vir kennisname.

### HELPMEKAAR - Groepie

Ons het die "Helpmekaar" - groepie begin, hoofsaaklik om hulp te verleen waar gemeentelede sukkel met huis skoonmaak en al die gewone take a.g.v. ouderdom of siekte, tydelik of oor die lang termyn. Ons wil ook graag 'n databasis begin van persone wat bereid is om te help en wat oor vaardighede beskik soos krane regmaak, kragproppe herstel, gloeilampe vervang, dalk grassny, ensovoorts. Ons uitnodiging is dus tweeledig: (1) laat weet ons indien jy hulp nodig het en (2) laat weet asseblief indien jy bereid is om te help. Kontakpersone: Dawie Theron (0828946070), Madie Haynes (0822932336) of die Kerkkantoor.

**TEKS VIR DIE WEEK: Mat 11: 28**
Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.

## Ons bid vir...

1. Mense op straat, vir fisiese beskerming teen koue en gevaar en dat hulle 'n heenkome sal vind.
2. Bevryding, herstel en die krag om nuwe keuses te maak t.o.v. dwelmverslawing.
3. Hoop en programme wat 'n heenkome bied vir slagoffers van prostitusie.
4. Straatwerkers en vrywilligers, vir bewaring teen geweld tydens uitreike.
5. Optrede wat getuig van geduld, liefde en wysheid sonder om te oordeel.
6. Ons gemeente en gemeenskap.
7. Almal wat vermoeid en belas is.
8. Ons dominee, wat weer terug is na haar verlof. Mag die Here jou seën, ds. Franziska.
9. Brian en Ansie Schnugh.

**BLOKBYEENKOMS:**
**Skulpiesbaaiblok.** Dinsdag, 4 Augustus, om 10h30 by Struisbaaikerk. Laat weet asseblief vir Bernie Badenhorst by 0836275912 of jy dit sal kan bywoon. Kom asseblief. Uitnodigings word ook persoonlik uitgedeel.

**DANKIE VIR:**
1. Almal wat uitgestal het by ons kattebakverkoping en diegene wat dit kom ondersteun het.
2. Die lekker hoenderbraai.
3. Die wonderlike reaksie op ons kerk se facebookblad (NG Gemeente Suidpunt/Agulhas) rakende die kersmoment vir die NSRI (Nasionale Seereddingsinstituut van Suid-Afrika). Dié berig het Maandag 20,784 kyke gekry en talle gunstige opmerkings van waardering vir die vrywilligers is gemaak.
4. Elke lidmaat wat op een of ander manier betrokke is in ons gemeente, gemeenskap en by mekaar.

**KARAOKE:** Alida Wood en Mat kom weer vanjaar die karaoke by ons aanbied. Stuur solank jou gunsteling lied (meld die kunstenaar(s) wat jy wil hê gebruik moet word en of dit 60s, 70s of 80s musiek is) vir Joanie by 0725193170. Oefen solank.

## Koor
Kooroefeninge hervat weer in September.

## Doen & Deel

**Spesiale Deuroffer - STRAATWERK**
**ESTHER SE STORIE:** My verlede was baie moeilik. Dit was onmoontlik om sin en vreugde in die wêreld te vind. Ek was amper dood! My lewe was baie sleg. Dit het nie goed gegaan met my nie, want ek het dwelms gebruik. Dit het my lewe ondraaglik gemaak. Ek was amper dood van die dwelms. Ek het besef dat ek besig was om myself dood te maak, maar ek kon nie stop nie, want dit was lekker. As ek dwelms gebruik het, het ek sterker en slimmer gevoel. Ek het eenkeer te veel dwelms gebruik, toe jaag hulle met my hospitaal toe. Dit was 'n moeilike pad en ek het 'n paar keer teruggeval in my ou leefwyse, voordat ek Jesus ontmoet het. So, my lewe was aaklig en glad nie goed nie. Ek was betrokke by verskillende dinge wat my afgebreek het. Ek het leuens oor myself, oor ander mense en oor God geglo. Ek was verward en in 'n bedwelmde toestand. Dertig jaar nadat ek die Straatwerkspan ontmoet het, het ek saam met hulle gegaan om 'n swanger vrou te gaan haal wat op straat geleef het. Ek het ook eers gebly waar sy gebly het. Sy was swanger en die span wou haar na die hospitaal toe geneem het. Dit het my gebreek om haar so te sien, want sy het my aan my eie situasie laat dink. Sy het my geweldig ontstel.

## Doen & Deel

Op daardie oomblik het ek besef dat wat ons doen, nie reg was nie. Dit was asof alles in plek geval het. Ek het 'n diepe oortuiging ervaar soos nooit tevore nie. Toe besef ek dat ek Jesus se vergifnis nodig het. Ek sal nooit daardie dag vergeet nie. Dit was in Soutrivier by die brug op 3 Maart 2020. Ek het gekies om na God te keer. Ek het my lewe vir God gegee. God het my gered. Ek het nooit geweet dat die tyd sou kom wanneer ek vry kon wees nie. Net soos die Straatwerkers gewag het vir die swanger vrou, het God ook vir my gewag. Hy het gekom om my te red, net betyds! Hy is eg! My lewe is nog steeds nie maklik nie en dit het baie uitdagings, maar dit gaan goed. Met God aan my kant, kan ek nie vir meer vra nie. Net om te weet dat God altyd daar is, maak my opgewonde, selfs wanneer ek swaarkry. Daar is 'n groot verskil tussen hoe my lewe was en hoe dit nou is. Ek wil net die Here dank. Ek was eers bang ek mis uit op die goeie tye; daarom wou ek Hom nie in my lewe ontvang nie. Vandag kan ek sê dat ek 'n kind van God is en ek is vol vreugde wat my nooit verlaat nie. Ek verstaan dit nie eers nie. God is my alles.Dankie, my Vader. Dankie liewe Here Jesus! Ek kan sy Gees binne - in my voel. Die Here is baie goed.

Hoe lyk dit? Het jy nie BOEKE vir ons nie? Dit kan dwarsdeur die jaar by die Kerkkantoor ingegee word . Dinsdag tot Donderdag van 08h00 tot 12h00.